

Vrydag 14 Junie

Skrifgedeelte: Eksodus 14:19-31

Fokusgedeelte: Eksodus 14:31

Die doop simboliseer ook God se mag – vertrou dan op Hom

Wat 'n geweldige gebeurtenis het hier plaasgevind. Die Here het die Israeliete veilig deur die Rooisee laat trek en die farao en sy magtige leër daarin verdrink. Daar het nie een van hulle oorgebly nie (vs 25). Die gevolg daarvan was dat die Israeliete die Here se krag kon leer ken. Hulle is met ontsag vir Hom vervul en het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar (vs 31). Dit het hulle geleer om op hulle pad na Kanaän hulle vertrou op die Here te stel, wat hulle grootste vyand daarvoor hulle oë verslaan het.

In die lig van die Nuwe Testament kry hierdie gebeurtenis vir ons 'n besondere betekenis. Ons lees in 1 Korintiërs 10:2: "Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop."

Deur hierdie gebeurtenis aan die doop te verbind, soos dit ook in die gebed in die doopformulier gedoen is, simboliseer die doop dan ook Jesus Christus se oorwinning oor ons grootste vyand, Satan. Ons word deur die doop verseker dat ons net so seker met die bloed en Gees van Christus van al ons sondes gewas is as wat ons uitwendig met water gewas is.

Deur die bloed van Christus is Satan se mag verbreek, en die gevolg daarvan is dat ons vergewing van sonde uit genade ontvang. Ons word ook deur die Heilige Gees nuutgemaak om nou nie meer deur Satan oorheers te word en soos die wêreld te lewe, omdat ons ons hoop op mense of op wêreldse dinge vestig nie. Met vertrou op die Here kan ons en moet ons as gedooptes, op pad na die hemelse Kanaän, vir die Here lewe. Doen dit deur Satan te weerstaan, die sonde af te sterf en daarvan weg te vlug.

Sing: Skrifberyming 5-3:2, 4, 5

Ds. JB du Plessis (Jan) (Emeritus)